SAKOV
suider-afrikaanse kerk- en konsertorrelistevereniging
southern african church and concert organists society
sedert 1980

MISSIE, VISIE, WAARDES en GRONDWET

VISIE

Saam verseker ons die toekoms van orreliste

MISSIE

Om lede se vaardighede en kennis te ontwikkel deur skoling en om holisties die gehalte van orrelspel en orrelinstandhouding te verbeter

WAARDES

By SAKOV heg ons waarde aan …

Toewyding
Artistieke uitnemendheid en inspirasie
Integriteit, aanspreeklikheid en rentmeesterskap
Inklusiwiteit en diversiteit
Ons ryke tradisie

Die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV) is op 10 Mei 1980 gestig. Dit funksioneer as 'n professionele liggaam wat vakverwante skakeling tussen orreliste en ander partye wat in orrel- en kerkmusiek belangstel, fasiliteer. Die vereniging verskaf vakspesifieke inligting en leiding om orrelmusiek en liturgiese praktyk in Suider-Afrika te bevorder.

Die vereniging se amptelike akademiese vaktydskrif, *Vir die Musiekleier/To the Director of Music*, is sedert 2010 by die Departement van Hoër Onderwys geakkrediteer. Lede word ook aan die jongste inligting en nuus oor kerk- en orrelmusiek blootgestel, via gereelde *nuusbriewe* asook inligtingsessies wat jaarliks in die dertien SAKOV-streke in Suider-Afrika en Namibië aangebied word. Spesiale projekte, soos musiekpublikasies en CD's, word ook aan lede beskikbaar gestel.

SAKOV dra die belange van die kerkmusikus en orrelis op die hart en poog om verantwoordelike riglyne daar te stel en aanbevelings te maak vir die samewerking tussen verskillende rolspelers betrokke by kerkmusiek, maar ook in terme van orrelis se salarisse en dienskontrakte. SAKOV wil 'n tuiste wees vir alle orreliste sowel as predikante, musiekgroepe, kerkrade en orrelbouers.

1. Naam

1.1. Die naam van die vereniging is “Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging” of “Southern African Church and Concert Organists’ Society” (hierna genoem die ‘vereniging’).

1.2. Die afkorting “SAKOV” sal vir beide die Afrikaanse en Engelse benamings gebruik word.

2. Doelstellings

Die vereniging se doelstellings is:

2.1. die bevordering van orrelspel en ander fasette van kerk- en orrelmusiek;

2.2. optrede in belang van lede in die algemeen, en die amp van die kerkorrelis in die besonder; en

2.3. die bevordering van orrelboupraktyk en/of instandhouding van instrumente in Suider-Afrika.

3. Funksionering

Die vereniging bereik sy doelstellings deur

3.1. die publikasie van ‘n geakkrediteerde vaktydskrif, *Vir die Musiekleier/To the Director of Music*, en van die *Nuusbrief*;

3.2. die organisering van simposia en opknappingskursusse op nasionale en/of streekgrondslag;

3.3. die hou van vergaderings in die vorm van ‘n Algemene Jaarvergadering (AJV), spesiale- en streekvergaderings, asook bestuursvergaderings;

3.4. enige ander aktiwiteite wat die doelstellings van die vereniging en al sy lede sal bevorder soos orrelbesigtingings, -toere, -safari’s, -simposia, -marathons, konserte, werkswinkels, ens.

4. Lidmaatskap

4.1. Lidmaatskap van die vereniging word verdeel in twee kategorieë: lede en erelede.

4.2. Lede

4.2.1. Alle persone wat voltydse of tydelike (aflos) orrelposte beklee of beklee het, asook alle persone (nie-orreliste) of liggame (byvoorbeeld kerkrade, kore en/of verenigings) wie se belangstelling uitgaan na die orrel en kerkmusiek in die algemeen.

4.2.2. Lede sluit aan deur die voorgeskrewe vorm te voltooi en die jaarlikse ledegeld te betaal.

4.3. Erelede

4.3.1. Persone wie se aktiwiteite, na die mening van die Uitvoerende Komitee en

Bestuur van die vereniging, in ‘n besondere mate bygedra het tot die bevordering van orrel- en kerkmusiek in Suider-Afrika, mag as erelede verkies word.

4.3.2. Erelede word verkies by wyse van ‘n amptelike skriftelike benoeming deur ‘n SAKOV-lid en sekondant. Sodanige benoeming word, tesame met die aanbeveling van die Uitvoerende Komitee en Bestuur, aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê.

4.3.3. ‘n Erelid se nominasie word tydens die Algemene Jaarvergadering deur ‘n gewone meerderheidstem bevestig en gesekondeer.

5. Ledegeld

5.1. Lede is verplig om die voorgeskrewe ledegeld jaarliks voor die einde van Maart betaal.

5.2. Ledegeld word jaarliks by die Algemene Jaarvergadering hersien en vasgestel.

5.3. Erelede word van ledegeld vrygestel.

5.4. Kennisgewing van adresveranderings aan die Tesourier van die Vereniging is en bly die verantwoordelikheid van elke lid.

5.5. Kennisgewing van adresveranderings aan die Tesourier van die Vereniging is en bly die verantwoordelikheid van elke lid, hoewel die Streekverteenwoordiger behulpsaam kan wees in die

6. Algemene Jaarvergadering, Spesiale en Streekvergaderings

6.1. Algemene Jaarvergadering

6.1.1. Die Algemene Jaarvergadering vind jaarliks gedurende die laaste ses maande van die finansiële jaar (1 Januarie tot 31 Desember) plaas op ‘n plek wat deur die vorige Algemene Jaarvergadering en/of die Uitvoerende Komitee bepaal is/sal word.

6.1.2. Die Sekretaris van die Uitvoerende Komitee roep die Algemene Jaarvergadering namens die Uitvoerende Komitee byeen en stuur skriftelike kennisgewings sowel as die agenda vroegtydig aan alle lede uit.

6.2. Streekvergaderings

6.2.1. Streekvergaderings kan op versoek van die Streekverteenwoordiger óf van die lede van ‘n bepaalde streek gehou word.

6.2.2. Die Streekverteenwoordiger sal in dié geval vroegtydig die nodige kennis van die streekvergadering gee en ook die Uitvoerende Komitee op hoogte hou van die agenda en besluite van sodanige Streekvergaderings.

7. Die Bestuur

7.1. Die Bestuur sal uit die Uitvoerende Komitee en Streekverteenwoordigers bestaan.

7.2. Die Uitvoerende Komitee sal uit 4 (vier) lede bestaan:

7.2.1. Voorsitter

7.2.2. Ondervoorsitter

7.2.3. Sekretaris

7.2.4. Tesourier

7.3. Die volgende streke word deur ‘n Streekverteenwoordiger op die Bestuur verteenwoordig:

7.3.1. Johannesburg, Oos- en Wesrand

7.3.2. KwaZulu-Natal

7.3.3. Limpopo

7.3.4. Mpumalanga

7.3.5. Namibië

7.3.6. Noord-Kaap

7.3.7. Noordwes

7.3.8. Vaaldriehoek

7.3.9. Oos-Kaap

7.3.10. Pretoria

7.3.11. Suid-Kaap

7.3.12. Vrystaat

7.3.13. Wes-Kaap

7.4. Die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris word driejaarliks deur alle lede verkies na algemene kennisgewing en skriftelike nominering. Die uitslag van so ‘n verkiesing word óf by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering óf deur middel van ‘n *Nuusbrief* óf elektronies aangekondig.

7.5. Die Tesourier, die Redakteur: *Nuusbrief*, en die Redakteur: *Vir die Musiekleier* word deur die Uitvoerende Komitee aangewys. Hierdie persone mag ook as Streekverteenwoordigers optree.

7.6. Die redakteurskap van die onderskeie publikasies mag beklee word deur ‘n lid wat reeds op die Uitvoerende Komitee dien óf deur enige ander lid.

7.7. Die Voorsitter tree op as sameroeper van die Uitvoerende Komitee en van die Bestuur. Alle dokumente moet deur die Voorsitter en Sekretaris onderteken word en in die geval van finansiële dokumente, ook deur die Tesourier.

7.8. 'n Kworum by die Uitvoerende Komitee bestaan uit 3 (drie) lede en by die Bestuur uit 5 (vyf) lede.

7.9. Streekverteenwoordigers word vir ‘n periode van drie jaar verkies tydens ‘n amptelike streekbyeenkoms waarby ‘n wettige kworum aanwesig is. ‘n Kworum bestaan uit 25%

van die lede van die streek, met ‘n minimum van 10 (tien) lede. Volmagte mag nie vir die doeleindes van ‘n verkiesing gebruik word nie.

7.10. In uitsonderlike gevalle kan 'n streekverteenwoordiger se termyn met 'n verdere 3 (drie) jaar verleng word.

7.11. 'n Streekverteenwoordiger kan self ‘n ad hoc-komitee saamstel om hom/haar by te staan.

7.12. Streekverteenwoordigers moet jaarliks ten minste een streekbyeenkoms reël en aanbied. Na afloop daarvan moet ‘n verslag so gou doenlik vir publikasie aan die *Nuusbrief* gestuur word.

7.13. Streekverteenwoordigers help met die insameling van ledegelde deur lede aan te spoor om te betaal en die werwing van nuwe lede in sy/haar streek.

7.14. Daar word van Streekverteenwoordigers verwag om die Algemene Jaarvergadering by te woon. 'n Pro rata-bydrae tot reiskoste sal deur die vereniging gemaak word.

8. Die Ouditeur van die vereniging

8.1. Die Uitvoerende Komitee wys ‘n eksterne ouditeur vir ‘n periode van drie jaar aan.

8.2. Die Ouditeur sal die finansiële state van die vereniging nagaan en verslag doen aan die Uitvoerende Komitee en die Algemene Jaarvergadering.

9. Fondse

9.1. Alle fondse word in die naam van die vereniging in 'n lopende rekening gedeponeer.

9.2. Die Tesourier en enige ander lid van die Uitvoerende Komitee sal gesamentlik tekenregte hê.

10. Die vaktydskrif *Vir die Musiekleier/To the Director of Music*

10.1. Enige persoon mag bydraes (vakkundige- en orrelbou artikels, asook klankopname-, boek- en bladmusiekresensies) vir publikasie voorlê.

10.2. Die redaksionele en administratiewe organisasie berus by die Redakteur in samewerking met die Redaksionele Komitee.

11. Veranderings aan die Grondwet

11.1. Veranderings aan die Grondwet geskied by ‘n Algemene Jaarvergadering.

11.2. Skriftelike voorstelle in die verband moet aan die Sekretaris van die Uitvoerende Komitee gestuur word sodra kennis van ‘n Algemene Jaarvergadering gegee word.

Goedgekeur by die 44ste Algemene Jaarvergadering soos gehou op 28 September 2024 in George.